

**Prof Daleen Kruger** is verbonde aan die Skool vir Musiek, Noordwes-Universiteit (Potchefstroom Kampus) as navorsingsgenoot. Sy fokus haar navorsing op kerkmusiek, en veral ontwikkelinge in die hedendaagse kerklied in Suid-Afrika. Vanaf 1994 tot met die voltooiing van die Liedboek (2001) was Daleen 'n lid van Hersieningskommissie vir die Psalms as afgevaardigde van die NG Kerk. Tans is sy 'n lid van die taakgroep VONKK wat hom besig hou met die ontwikkeling van nuwe klassieke kerkliedere. Sy is die huidige SAKOV-streekverteenwoordiger vir Noordwes.



**Isabeau Swanepoel** is vanaf 2007 orrelis by Constantiakruin NG gemeente. Sy was vroeër vir 18 jaar orrelis by Wilgespruit-gemeente en vir 10 jaar by Roodekrans-gemeente. Sy geniet verskillende style van orrelspel: van Barok tot moderne *Praise and Worship* musiek. Sy doen komposisies, vertalings en verwerkings van liturgiese musiek, van Geneefse melodië tot moderne kontemporêre musiek.

Sy gee musiekonderrig vanaf haar universiteitsjare en is nog steeds besig om haar liefde vir klavier, orrel, musiekteorie, harmonie en musiekgeskiedenis aan leerlinge oor te dra.

Sy het die volgende kwalifikasies behaal: B.Mus. (uitvoerende kuns), 'n Diploma in Kerkmusiek, 'n lisensiaat in klavier (uitvoerende kuns) en orrel (uitvoerende kuns). In Mei 2014 word 'n M.Mus. (Musiekwetenskap) aan haar toegeken deur Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).

Die M.Mus. studies is moontlik gemaak danksy twee SAKOV-beurse.

# DIE ROL VAN ORRELISTE IN DIE LITURGIESE MUSIEK VAN DIE HEDENDAAGSE NG KERK

ISABEAU SWANEPOEL & DALEEN KRUGER

## ABSTRACT

The role of the organist in the postmodern, contemporary Dutch Reformed Church has changed dramatically during the past 50 years as a result of the paradigm shift in the liturgy and liturgical music of the church. The traditional organ music and hymns from *Liedboek van die kerk* may be supplanted by contemporary songs, often accompanied by a band. Various spiritual styles are regularly used side by side while the present day organist needs to master the old and new, classical and contemporary.

These changes in liturgical music present a widespread challenge to the conscientious postmodern organist to be with or without a band, "all things to all people" as far as church music goes. Research has shown that the organ is still the instrument of choice for 90% of clergymen and congregations, but drastic changes are sometimes needed insofar as choice of music, choosing of hymns and musical accompaniment goes to satisfy the need of postmodern congregations.

This presents a new and exciting challenge to all organists: to keep and preserve the standard and love of good organ music. Research has proved that effective organ-playing is entering a new phase of adequately providing the specific demands of the postmodern worship styles. The necessary mindshift of the organist and the knowledge needed to succeed will be attained by continuous study and above all, the correct attitude of the organist: to be in the privileged position of working for the Lord's congregation.

**SLEUTELBEGRIPPE**

Kerkmusiek, Kontemporêre liturgiese musiek, Liturgie, Liturgiese orrelmusiek, Musiekbediening, Postmodern

## 1. INLEIDING

In 'n vorige uitgawe van *Vir die Musiekleier* (2014), is die benutting van die orrel in die hedendaagse Nederduitse Gereformeerde Kerk bespreek.[1] Die drastiese verandering van liturgie[2] en liturgiese musiek (nasionaal en internasionaal) stel dikwels nuwe eise aan die orrelis. Daar is tot die slotsom gekom dat die orrel steeds kan voldoen aan die vereistes van die grootste deel van die liturgiese musiek van die postmoderne[3] aanbiddingstyle.

Waar daar in die vorige artikel klem gelê is op die perspektief van die leraars, word daar in hierdie artikel gefokus op postmoderne liturgiese musiek uit die oogpunt van die orrelis. Die doelstellings is om die spesifieke vaardighede, belewenisse en response van die orreliste van nader te beskou.

## 2. METODIEK: VRAELYSTE EN LITERATUURSTUDIE

Hierdie kwantitatiewe studie is in twee dele gedoen. Eerstens is vraelyste[4] aan gemeentes in die agt

---

[1] Swanepoel & Kruger. 2014. Die benutting van die orrel in die hedendaagse Nederduitse Gereformeerde Kerk.
In: *Vir Die Musiekleier*. Jaargang 34:35-53.

[2] Die oorspronklike betekenis van die woord "liturgie" is die werk van die volk en as sodanig moet die hele gemeente in die liturgie betrek word (Vorster, 1996:85-87).

[3] Volgens Steyn (2005:553) is postmodernisme 'n periode van "dekonstruksie, relativisme, voorlopigheid en gedurige verandering".

[4] Kyk Swanepoel, I.L. 2014. *Die effektiewe benutting van die orrel in die liturgie van die hedendaagse Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Potchefstroom-kampus van die Noordwes-Universiteit. (Mini-skripsie vir M.Mus. Musiekwetenskap)

sinodes van die NG Kerk in Suid-Afrika en Namibië uitgestuur. Die keuse van watter gemeentes vraelyste moes kry, is gedoen aan die hand van die *Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke* (2008). Die vraelyste is volgens eweredige getalverspreiding uitgestuur.

- Groot gemeentes met meer as 1 800 lidmate, hoofsaaklik stedelik/voorstedelik
- Stedelike/voorstedelike gemeentes met minder as 1 800 lidmate
- Groter plattelandse gemeentes met meer as 600 lidmate
- Kleiner plattelandse gemeentes met minder as 600 lidmate

Die inhoud van die vraelyste is vertroulik hanteer. Die respons van meer as 400 leraars en orreliste is verkry om hierdie navorsing moontlik te maak. Die terugvoering op die vraelyste wat uitgestuur is, word in twee dele vervat: 'n A-gedeelte, waar die terugvoering van die leraars behandel is en 'n B-gedeelte wat die orreliste se terugvoering hanteer. Die data van die vraelyste word onder punt 3 bespreek. Verwerking van die data in die vorm van grafieke is gekontroleer deur die NWU[5] se Afdeling Statistiek.

Daar is 'n literatuurstudie gedoen om die omvang en karakter van die veranderings in liturgiese musiek te bepaal. Van die laaste dekades van die twintigste eeu af het liturgiese vernuwing in die NG Kerk en sy gemeentes vinnig toegeneem (Steyn, 2006:661-676) wat noodwendig vernuwing van liturgiese musiek tot gevolg gehad het. Daaruit het verskillende eredienstipes ontstaan. Vermeulen (2012:4-5) onderskei vier verskillende soorte eredienste om die verskillende spiritualiteitstipes te akkommodeer: tradisionele,[6] kontemporêre,[7] meditatiewe[8] en *blended*[9] eredienste. Daarvoor is eiesoortige liturgieë en ook liturgiese musiek nodig, wat nie staties is nie maar voortdurend reformeer.

Dit raak veral die gebruik van die orrel in postmoderne eredienste. Volgens Strydom (1994:375) is die orrel in die tradisionele kerk outomaties aanvaar as die geskikste musiekinstrument vir sangbegeleiding en ander liturgiese musiek. Die gebruik van alternatiewe instrumente kan volgens Heunis (2008:5) daartoe lei dat die orrel al minder gebruik gaan word, tensy die orrelis funksioneel bly en in al die gemeente se behoeftes voorsien. Sinodale[10] beheer oor liturgie en liturgiese musiek het

---

[5] Potchefstroom-kampus van die Noordwes-Universiteit.

[6] Tradisionele erediens: formele erediens van die NG Kerk, met klem op prediking, wet en/of geloofsbelydenis. Meesal orrelbegeleiding.

[7] Kontemporêre erediens: gemik op die taal, musiek en ervaringsveld van veral jongmense van 15 tot 21 jaar.

[8] Meditatiewe erediens: informele dienste met klem op atmosfeer, simboliek en mistisisme.

[9] *Blended* eredienste: waar bepaalde elemente van tradisionele eredienste gekombineer word met elemente van kontemporêre eredienste.

[10] Volgens Carstens (2006:1) het die Algemene Sinode in 1990 meer liturgiese vryheid aan die gemeentes toegestaan. In 2004 verskyn daar ook in die agenda van die Algemene Sinode van 2004 die opdrag dat nuwe, inheemse en eietydse liedere deurlopend opgeneem word.

vervaag en die gemeentes maak toenemend gebruik van bogenoemde spiritualiteitstipes om in elke gemeente se spesifieke behoeftes te voorsien.

Volgens Swanepoel (2014:7) het die tradisionele opleiding van orreliste dikwels nie voorsiening gemaak vir die behoeftes van orreliste wat in ’n verskeidenheid van spiritualiteitstipes moet funksioneer nie. Daar is min literatuur beskikbaar oor die praktiese toepassing hiervan en bykans geen literatuur waarin die moontlikheid genoem word dat die orrel gebruik kan word wanneer informele of kontemporêre liedere gespeel word nie.

Die orrel bly by uitstek die geskikste instrument om gemeentesang te begelei. Müller (1990:38) en Steinmann (1996:18) skryf dat die orrel menslike stemme kan saambind, ongelykhede uitskakel en sodoende enige stemming kan skep waardeur gemeentesang suksesvol gelei kan word. Die alternatiewe gebruik van begeleiding deur klavier, klawerbord (*keyboard*) of die *band*[11] ontneem juis die gemeente van die voordele van orrel vir sangbegeleiding. Waar die orrel saam met hierdie instrumente gebruik word (soos in *blended worship*), kan die strydpunte en sogenaamde *worship wars*[12] grootliks vermy word.

Hierdie siening word nie orals aanvaar nie. Warren[13] (2005:232) van die Saddleback[14]-gemeente glo dat die orrel deur die nuutste elektroniese toerusting vervang moet word. ’n Kontemporêre aanbiddingstyl in ’n erediens behels volgens Horness (2004:102) die volgende:

> Contemporary worship endeavors to use modern instrumentation (e.g. guitars, drums, synthesizers, percussion, horns), contemporary musical styles (e.g. rock, jazz, hip hop, rap, gospel), and freshly written or arranged songs (both new choruses and fresh treatments of traditional hymns), in the language of this generation to lead people into authentic expressions of worship and a genuine experience of the presence of God (Horness, 2004:102).

Persoonlike ervaring het getoon dat die orrel wel in staat is om verskillende spiritualiteite suksesvol te hanteer. Volgens Grové (2006:28) kan dit alleenlik ten goede meewerk wanneer die orrelis met ’n positiewe gesindheid saamwerk met lede van die *band* wat musikaal nie goed onderlê is nie. Sodoende kan die gemeentelede gelei word om ruimte te skep vir die potensiële pluraliteit binne ’n gemeente (Jankowitz, 2006:33). Kennel (2006:13) meen dat funksionele erediensmusiek deel moet vorm van die samehang van die erediens en sodoende die hele gemeente betrek. Aangesien gemeentesang die belangrikste manier van deelname aan die liturgie is (Kruger, 2007a:653), is dit ook die primêre middel tot gesamentlike aanbidding en mag die gemeente nie verdeeldheid beleef ten opsigte van kerksang

[11] Ligte orkes of musiekgroep.

[12] Kyk Long, T.G. 2001. *Beyond the Worship Wars: Building Vital and Faithful Worship.* (Alban Institute)

[13] Rick Warren is die stigter van Pastors.com, ’n wêreldwye internetgemeenskap wat mense in die bediening toerus en mentor. Hy is die skrywer van die topverkoper *The Purpose-Driven Life*.

[14] Die Saddleback-gemeente in Orange County, Kalifornië, is een van die grootste kerke in die VSA. Rick Warren is die stigter en senior pastor daarvan.

nie (De Vries, 2013:20).

Die samewerking tussen orrelis en *band* moet noodwendig gegrond wees op ’n wedersydse positiewe begeerte om alleenlik die allerbeste van die gemeente se musiek te maak. Kruger (2007b:23) stel dit dat daar in die herbesinning van die aard en doel van kerkmusiek die strewe na uitnemendheid gevolg moet word. Schelt (1996:48) verwys na God as die bron van alle kunssinnigheid, as die estetiese standaard. Dit plaas ’n groot verantwoordelikheid op die skouers van opgeleide musici, en veral opgeleide orreliste, om ten volle betrokke te wees in die reformering wat daar tans in die liturgiese musiek aan die gang is.

Aanbidding in die meeste Gereformeerde kerke word beïnvloed deur die opkoms van die charismatiese beweging en die wêreldwye groei van Pinksterkerke. Daarmee saam het die sogenaamde *Praise and Worship*-beweging (PW) die Gereformeerde liturgie en liturgiese musiek sterk beïnvloed. Hierdie PW-liedere is hoofsaaklik kontemporêr. Dit is aanvanklik gepubliseer met akkoordaanduidings vir vrye begeleiding deur klavier, klawerbord en/of kitaar, en is in hierdie formaat minder geskik vir orrelbegeleiding (vgl. die NG Kerk se aanlyn sangbundel “FLAM”15 sedert 2002). VONKK16-liedere kan met groot vrug in die liturgie gebruik word en sekere FLAM-liedere, soos FLAM 21: *In die hemel is die Heer*, kan met orrelbegeleiding gesing word. Tans word daar toenemend ook begeleiding vir orrel beskikbaar gestel sodat die orrel, met entoesiastiese inisiatiewe van die orrelis, die alternatiewe liedere effektief kan begelei.

Dit is noodsaaklik dat die verskillende musikale rolspelers ’n verskeidenheid opnames in verskillende musiekstyle op CD’s of ander elektroniese hulpmiddels bespreek en evalueer om sodoende ’n gemeente se repertorium relevant te hou.

’n Belangrike kenmerk van die verskillende gemeentes se *bands* is dat daar geen gemeenskaplike standaard bestaan nie, buiten entoesiasme. Sommige gemeentes is geseënd met instrumentaliste wat op professionele vlak kan optree en dan is daar ook die teenpool waar ’n groepie beginners wel entoesiasme het, maar nie die nodige opleiding en ’n betroubare musikale oor het nie. Hier is die insette van ’n opgeleide orrelis onontbeerlik ter wille van ’n aanvaarbare standaard van gemeentesangbegeleiding.

Dit is nie genoeg om net ’n tradisionele orrelis te bly wat veilig verskans is agter die bekende en bewese maniere van orrelspeel nie. Postmodernisme gaan toenemend hoër eise stel aan deelname aan liturgiese musiek wat aan die eise van die verskillende spiritualiteite voldoen. Toegewydheid is ononderhandelbaar.


---

[15] FLAM: ’n projek van die NG Kerk se ADGO; fokus op kontemporêre liedere. Webwerf: www.flam.co.za

[16] VONKK-liedere is nou volledig beskikbaar op ’n geheuestokkie bydele@bmedia co.za. Dit bevat die teks in Word-formaat, PowerPoint van elke lied, melodielyn met akkoorde (*lead sheet*), orrel- en/of klavierbegeleiding, beskikbare kantoryverwerkings en musikale verryking asook ’n 30 sekonde-demonstrasiesnit van hoe die lied klink. Van die liedere is ook op DVD en CD beskikbaar.

## 3. DIE ORRELIS: RESPONS OP VRAE


Die respons van orreliste op die vrae in die B-afdeling van die vraelyste was sonder uitsondering deeglik en die vraelyste is meesal volledig voltooi. Die meerderheid orreliste het verkies om hulle respons afsonderlik van die leraar se respons terug te stuur. Daar is dikwels 'n addisionele skrywe van die orrelis saamgestuur waarby positiewe en praktiese wenke aangeheg is. Daar was ook skrywes aangaande persoonlike probleme in verband met orreliste se orrelposte en veral oor kontemporêre musiek en eredienste.




**Figuur 1: Formele opleiding as orrelis**


Die verskil tussen die aantal orreliste met en sonder formele opleiding is ongeveer 20%. Uit die respons op verdere vrae is dit duidelik dat die "onopgeleide" orreliste wel 'n mate van vaardigheid bereik het. Bywoning van SAKOV[17]-byeenkomste of ander orrelwerkswinkels was vir die respondente nuttig.

[17] Suider-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging




**Figuur 2: Repertoriumopleiding**

Ongeveer 60% van die respondente is van mening dat hulle repertoriumopleiding goed of uitstekend is.




**Figuur 3: Gebruik standaardrepertorium**

Ongeveer 60% van die orreliste gebruik die standaardrepertorium dikwels of gereeld. Daarteenoor gebruik ongeveer 40% van die orreliste dit soms of min. Die begrip "standaardrepertorium" van 50 jaar gelede sal noodwendig verskil van die repertorium waaraan orrelstudente vandag blootgestel word. Orreliste is destyds hoofsaaklik geskool in akademiese musiek wat berus op 'n basis van koraalvoorspel van J.S. Bach, Buxtehude en hulle tydgenote asook 'n versameling preludes en fugas. Daarby noem 'n groot aantal orreliste dat hulle tans albums soos dié van Simper[18], Dicks[19] en die *Cloister*[20] albums gebruik. In die vraag wat handel oor die bladmusiek wat orreliste verkies, was daar maar enkele antwoorde wat verwys na die talle goeie, nuwe orrelverwerkings van kontemporêre en ook tradisionele liturgiese liedere, of inderdaad na enige orrelboeke wat sedert 2005 verskyn het.

In die hedendaagse NG Kerk kan die gebruik van nuwe komposisies of nuwe verwerkings vir orrel van relevante liturgiese liedere dien as inspirasie vir orrelis en gemeente, waaronder die volgende drie SAKOV-bundels:

- SAKOV 30 Feesbundel, 2010
- SAKOV Erediensmusiek vol. 2, 2011
- SAKOV Erediensmusiek vol 3, 2013

Hierdie bundels verskaf 'n uitgebreide repertorium van orrel- en koorwerke wat gebaseer is op die liturgiese musiek wat in die hedendaagse eredienste gebruik word. Dit verskaf uitgebreide moontlikhede om die orrelis se repertorium uit te brei met musiek wat vir die gemeente aantreklik en sinvol sal wees. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die volgende werk van Wim Viljoen.





**Voorbeeld 1: Wim Viljoen, *Fanfare (Kyk die Heer het opgestaan)* uit SAKOV 30 Feesbundel**

[18] Caleb Simper (1856-1942) was 'n komponis van talle Victoriaanse *"Voluntaries"*.


[19] Ernest Dicks (1865-1984) is veral bekend vanweë sy bundels *"Short and easy pieces for organ"*.

[20] *The Cloister albums of music for the harmonium or American organ.*




**Figuur 4: Behoefte aan verdere klassieke opleiding**

Sowat 60% van respondente het aangedui dat hulle geen of min behoefte het aan verdere klassieke opleiding nie. Daar is ongeveer 40% orreliste wat wel daaraan behoefte het.




**Figuur 5: Voorbereiding ten opsigte van orrelbegeleiding**

Bykans 70% van orreliste voel dat hulle tydens hul opleiding deeglik voorberei is ten opsigte van begeleiding van gemeentesang. Die postmoderne lidmaat het 'n behoefte daaraan om kerkliedere met oorgawe te kan sing. Kruger (2007b:17) skryf dat die klem al sterker geplaas word op die lied as eiendom van die lidmaat wat dit gaan sing. As postmoderne Christene het hulle 'n emosionele en intellektuele behoefte aan vernuwing en die tersaaklike, geklee in hul eie kultuur en persoonlike smaak. Vorster (1996:83) voer aan dat die lidmaat juis 'n behoefte het aan subjektiewe belewing; hy/sy wil geborge voel tydens die gemeentesang. Tydens aanbidding moet die lidmaat ten volle betrek kan word: geestelik, fisies en emosioneel. Daar mag geen verhindering wees wat sy/haar volle oorgawe aan die tweegesprek met God kan belemmer nie.

Die mate waarin 'n orrelis sy/haar vaardighede ontwikkel om te kan inskakel by verskillende tipes liturgiese musiek, sal in 'n groot mate bepaal hoe betrokke hulle by kerkmusiek kan wees. Sensitiewe spel en begeleiding is onontbeerlik. Die orrelis moet enersyds die gemeente met gemeentesang kan lei en met insig die verskillende verse van 'n kerklied registreer en speel en andersyds oor die vermoë en gesindheid beskik om as deel van 'n groep musikante op te tree, as leier of as deelnemer. Ritmiese standvastigheid en gepaste tempokeuses is noodsaaklik vir gemeentesang waaraan met oorgawe en entoesiasme meegedoen word. Verder moet die orrelis sy/haar instrument ook goed ken en vaardig wees om die potensiaal van die instrument ten volle te ontsluit. Daarby kom die vereistes van die verskillende tipes eredienste wat geskoei word op die verskillende spiritualiteite.

> Orrelbegeleiding is deur die eeue 'n goed en beproefde, gekeurde ondersteuning van liturgiese sang. As dit met gevoel en aanvoeling deur 'n goed opgeleide orrelis geskied, is die musiek 'vergeselskap' van die sangteks. En dan is die woordtaal, musiektaal en liggaamstaal van die liggaam van Christus geïntegreer in 'n lieflike lofoffer (Bingle, 2005:21).

Kreatiewe sangbegeleiding kan die gemeente aanspoor om met entoesiasme deel te neem aan die gemeentesang. Deur die verskillende strofes (al is dit net in die gedagte) saam te sing, kan die orrelis let op elke strofe se frasering, stemming, klankkleur, toonsterkte en harmonisasie (Heyns, 1998:20). Die inleiding tot 'n lied verdien noukeurige beplanning. Wood (1997) skryf dat bekende liedere nuut kan klink wanneer die inleiding vars en kreatief is. Kleurvolle harmonieë genereer lewendigheid; ritmiese voortstuwing of 'n pedaalpunt sal die gemeente met oorgawe laat sing.


Verder kan die orrelis ook gebruik maak van die Engelse kerke se voorliefde om die laaste vers van 'n lied spesiale waarde te gee deur die harmonisasie en timbre te verander en ook nog 'n uitgebreide naspel te speel. Goeie voorbeelde hiervan kan gevind word in Rawsthorne se *400 Last Verses*.

Daar is 'n aantal boeke beskikbaar met alternatiewe harmonisasies of inleidings vir orrel waarin die orrelis inspirasie kan kry, asook verskeie publikasies van SAKOV en ander boeke soos byvoorbeeld Daleen Kruger se *Eenvoudige Inleidings en Harmonisasies*.

Uit laasgenoemde bundel met maklike, bruikbare verwerkings word een voorbeeld gegee.


**Voorbeeld 2: Daleen Kruger, Lied 509 (Op berge en in dale)**
**uit *Eenvoudige Inleidings en Harmonisasies*.**






**Figuur 6: Verdere opleiding in orrelbegeleiding**


Naastenby 47% van die respondente dui aan dat hulle verdere opleiding in orrelbegeleiding nodig het. Volgens 'n daaropvolgende vraag het 38% behoefte aan die uitbreiding van die repertorium.




**Figuur 7: Orrelis-opleiding t.o.v. kontemporêre musiek**


Volgens die terugvoering het 84% van die orreliste min of net geringe opleiding ontvang in die begeleiding van kontemporêre musiek. Die orreliste toon ’n sterk behoefte aan voortgesette praktiese opleiding en moontlik ’n diploma wat in modules gedoen kan word.

’n Totaal van 65% van die respondente is ten gunste van die gebruik van kontemporêre musiek gedurende ’n erediens. Die bereidwilligheid van die orrelis om verskillende musiekstyle baas te raak en te gebruik is, veral met die nuwe spiritualiteitstipes, van kardinale belang. Waar die orrelis bereid is om van ander te leer, kan daar wedersydse problematiese persepsies uit die weg geruim word.





**Figuur 8: Bereidheid om kontemporêre musiek op klavier/klawerbord (*keyboard*) te speel**

Volgens die terugvoering is meer as 70% van orreliste bereid om kontemporêre musiek op die klavier of klawerbord te speel. Dit veronderstel dat hulle die nodige vaardigheid bemeester het om dit te kan doen.





**Figuur 9: Bereidheid om deel van *band* te wees**

Omstreeks 53% van orreliste is bereid om deel van 'n *band* te wees, terwyl 70% wel die vaardigheid het om kontemporêre musiek op klavier of klawerbord te speel. Dit kan daarop dui dat orreliste in 'n mate negatief is teenoor deelname aan 'n *band*, of nie oor die vaardigheid beskik om musiek vir 'n *band* te verwerk nie.




**Figuur 10: Bereidheid om kontemporêre musiek op orrel te speel**

Net 47% van orreliste is bereid om kontemporêre musiek op die orrel te speel, terwyl die respons op 'n volgende vraag aandui dat net 23% van respondente dikwels gebruik maak van kontemporêre liturgiese orrelmusiek en slegs ongeveer 16% dit gereeld gebruik. Dit laat meer as 60% van orreliste wat selde van kontemporêre liturgiese orrelmusiek gebruik maak.




**Figuur 11: Behoefte aan verdere opleiding in kontemporêre liturgiese musiek**

Meer as 60% van die respondente het min of geen behoefte aan verdere opleiding in die speel van kontemporêre liturgiese musiek nie. Daar bestaan oënskynlik 'n mate van negatiwiteit teenoor die speel van kontemporêre liturgiese musiek op die orrel.

Met die terugvoering op die vraelyste was daar heelwat positiewe opmerkings van die orreliste se kant en ook talle versoeke vir begeleiding van kontemporêre liedere vir orrel. Die volgende bundel, *Worship songs for organ* van Simon Lesley, bevat 50 maklike orrelbegeleidings van bekende liedere.


*Worship songs for organ* (Simon Lesley)




**Voorbeeld 3: No 15,** ***Give thanks with a grateful heart*** **(Henry Smith, verwerk deur Lesley)**





**Voorbeeld 4: No 30,** ***King of kings and Lord of lords*** **(Batya & Conty, verwerk deur Lesley)**




**Figuur 12: Voldoende tegniese vaardigheid vir orrelpos**

Volgens die terugvoering dui meer as 80% van die respondente aan dat hulle tegniese vaardigheid voldoende is vir 'n orrelpos.


Verdere vaardighede waaroor respondente positief voel is bladleesvermoë (86% voldoende) en improvisatoriese vaardigheid (56% voldoende).




**Figuur 13: Voorbereidingstyd vir erediens**

Volgens die terugvoering het die meeste orreliste (76%) voldoende voorbereidingstyd vir hulle eredienste.


Eredienswerkgroepe vorm 'n noodsaaklike beplanningsgeleentheid vir almal wat betrokke by 'n erediens is, insluitend die leraar, orrelis of ander musikante en tegniese span wat saamwerk om 'n standaard van uitnemendheid te bewerkstellig. In so 'n beplanningsessie kan die hele liturgie tot in die fynste besonderhede beplan word: die tema van die skriflesing en prediking, gemeentesang, instrumentale tussenspele of voorspele, beurtsang en responsoriese sang, stemming en atmosfeer, beligting, voorlesings, die gebruik van multimedia, oomblikke van stilte, ensovoorts (Heyns, 1998:18-21; Steinmann, 1996:15-19). Hierdie faktore moet egter ondergeskik bly aan die teologiese diepte van die erediens.




**Figuur 14: Keuse vir orrelsolo's: Tema van erediens**


Die bygaande grafiek dui daarop dat die tema van die erediens meesal in ag geneem word by die keuse van orrelsolo's.

Verdere vrae wat aan die respondente gestel is oor die faktore wat die keuse van orrelsolo's beïnvloed, is die liedere wat gesing word (85%), tegniese vaardigheid (75%), bladleesvaardigheid (79%) en beskikbare voorbereidingstyd (78%).





**Figuur 15: Keuse vir orrelsolo's: Gemeente se voor- en afkeure**

Die respondente neem die gemeente se voor- en afkeure deeglik in ag met die keuse van orrelsolo's.




**Figuur 16: Keuse vir orrelsolo's: Persoonlike voor- en afkeure**


Persoonlike voor- en afkeure van die orreliste is 'n belangrike bepalende faktor met die keuse van orrelsolo's.




**Figuur 17: Orrelis-inspraak op keuse van liedere vir eredienste**


Daar is 'n redelike eweredige verspreiding van die mate waarin orreliste deel het aan die keuse van liedere vir 'n erediens. Sommige respondente voel dat leraars 'n verpligte basiese opleiding in kerkmusiek moet kry aangesien die orreliste in 'n groot mate afhanklik is van die leraars se somtyds oningeligte musiekkeuses wanneer liturgiese musiek ter sprake kom.

**Begeleidingsmateriaal vir informele musiek op die orrel**





**Figuur 18: Begeleiding vir informele liedere: melodie met akkoorde**

'n Totaal van 81% van die respondente kan 'n melodie met akkoorde (*lead sheet*) gebruik om informele liedere op die orrel te begelei. Dit veronderstel 'n redelike harmoniese kennis en improvisatoriese vaardigheid van die orreliste.




**Figuur 19: Begeleiding vir informele liedere: gedrukte harmonisasies**

Gedrukte harmonisasies (wanneer dit beskikbaar is) vergemaklik die begeleiding van informele liedere. Die beskikbaarheid van sulke begeleidings op die internet, veral op VONKK en FLAM se webtuistes, brei die potensiële liedereskat uit vir gebruik in eredienste.




**Figuur 20: Beskikbaarheid van kontemporêre musiek op internet**

Vyf en sestig persent van die respondente vind dit moeilik om toegang tot kontemporêre musiek op die internet te kry en volgens die daaropvolgende vraag kan slegs 8% van orreliste maklik toegang tot kontemporêre musiek in boekwinkels verkry. 'n Verdere 19% kan dit redelik maklik bekom, terwyl verreweg die meeste van die orreliste (73%) dit moeilik of onmoontlik vind om kontemporêre musiek in boekwinkels te verkry.

Uit die terugvoering oor SAKOV-aangeleenthede het die volgende inligting na vore gekom: 57% van die respondente is 'n lid van SAKOV, 29% is nie 'n lid nie en 14% het geen terugvoering daaroor gegee nie. Die SAKOV-byeenkomste word deur 36% gereeld bygewoon, 25% soms en 39% glad nie. 76% van die respondente beskou die byeenkomste as verrykend omdat die byeenkomste leersaam en inspirerend is. Dit stimuleer groei en gee geleentheid om gemeenskaplike probleme te bespreek en 'n netwerk van orrelvriende op te bou. Die opbouende insette aangaande kontemporêre musiek word positief ervaar, soos ook raad aangaande kerssangdienste, Paassangdienste en ander feesgeleenthede. Praktiese demonstrasies oor samesang en begeleiding, asook bekendstelling van nuwe publikasies en repertorium is waardevol.

Die respondente geniet aktuele artikels in SAKOV se nuusbrief en in *Vir die Musiekleier,* veral oor liturgie en die gebruik van *Liedboek van die kerk*, FLAM en VONKK. Vakkundige en akademiese wenke vir nuwe of onopgeleide orreliste is belangrik, soos ook debatvoering oor, onder andere, geskiktheid van sekere kontemporêre melodieë. Historiese musiek, orrelbou en eredienspraktyk word graag bestudeer asook artikels oor teologiese en liturgiese tendense, plaaslik en internasionaal. Repertorium, resensies oor nuwe CD's en DVD's, personalia en kompetisienuus bly gewild.

Daar is 'n groot belangstelling in lesings wat by die verskillende SAKOV-byeenkomste aangebied word, asook 'n behoefte aan 'n kontaklys van orreliste per streek. Riglyne aangaande 'n gesonde balans tussen kontemporêre en tradisionele musiek sal waardeer word, asook 'n deeglike studie van gospelmusiek betreffende akkoorde, improvisasie en teorie en praktiese werkswinkels om dit toe te pas.

Die respondente toon 'n behoefte aan internetskakels vir artikels en bladmusiek, asook internetkontakbesonderhede van oorsese orrelverenigings en plaaslike en oorsese musiekhandelaars. Heelwat respondente het versoeke gerig vir goeie orrelverwerkings van kontemporêre musiek.

Die vraag oor diensvoorwaardes en pligstate van orreliste het groot reaksie uitgelok. Volgens die respondente het die titel waaronder hulle werk by 'n gemeente min te doen met die praktiese pligstaat of die salaris. Informele dienste vergroot die werklas met voorbereiding en verwerking van kontemporêre musiek en ekstra oefeninge met die *band*.

Die respondente het 'n groot verskeidenheid van pligte aangedui wat wissel van die gewone speelbeurte tot die volgende twee pligstate[21]:

- Alle administrasie en organisasie van musiek van verskillende dienste; keuse van liedere, liedere gesing, byhou van lêers, voorbereiding van *band*-musiek (akkoorde, woorde, ritmes), afrigting van kantory, opstel van diensbeurte van sangers en orkeslede, skakeling met sangleiers en ook alles van die gewone pos van orrelis.
- Ons gemeentebestuurder oorlaai my met 1001 verpligtinge soos koppies was, kosmaak, blomme, koor, koordanse, administrasie en dan ook Sondag se dienste.

Spanning speel blykbaar 'n groot rol by die respondente. Uit die statistieke is dit duidelik dat dieselfde spanningsfaktore herhaaldelik voorkom, waaronder die afrigting van koor en kantory, te min oefentyd, onbekende liedere en veral onsekerheid oor liturgie. Konflik met leraars word vererger deur min kontak met leraars tydens en voor eredienste.

Die orreliste het duidelik laat blyk dat waar daar spanning by hulle voorkom, of waar hulle onbevoeg voel, die hele kwessie van kontemporêre musiek voorop staan. Oor die algemeen is die respondente bereid om opleiding te ontvang, maar dra nie kennis van sodanige opleidingsgeleenthede nie.

Tegniese probleme soos foute op die projektorskerm, kragonderbrekings, mikrofone wat nie werk nie en onprofessionele gebruik van tegnologie veroorsaak ook spanning.

## OPSOMMING

In hierdie ondersoek na die rol van die orrelis in die NG Kerk is daar bevind dat die verskillende spiritualiteite van die verskeie tipes eredienste 'n uitdaging tot die konsensieuse orrelis rig. Die rol wat die orrelis in 'n gemeente se liturgiese musiek speel, het geweldig uitgebrei. Sommige van die verantwoordelikhede van die gemiddelde orrelis is, bo en behalwe die waarneem van diensbeurte as orrelis, ook veral dié wat betrekking het op 'n kontemporêre musiekstyl in 'n gemeente. Dit sou take insluit soos die verwerking van kontemporêre liturgiese musiek vir orrel, klavier of klawerbord, met of sonder 'n *band*, asook die aanleer en uitvoering van sodanige musiek as deel van die *band* of as leier

[21] Direkte aanhalings van respondente.

daarvan. Volgens die response op die vraelyste het min orreliste opleiding in die omvangryke genre van kontemporêre musiek. Dit kan lei tot spanning by die orrelis en in die gemeente. Die meerderheid van die respondente is egter bereid om opgelei te word om hulle rol in die liturgiese musiek van die gemeentes met entoesiasme te volvoer.

Die belangrikste aspek van die hedendaagse bedieningstyle is dat effektiewe orreliste verkieslik buite die tradisionele raamwerk sal dink en benewens die standaardrepertorium, gebruik maak van informele en kontemporêre liturgiese musiek. Daar is 'n skatkis van nuwe liedere en verwerkings daarvan wat sal meewerk om vir die orrelis en ook die gemeente 'n verrykende geestelike ervaring te bied

Dit is nie net die orrelis se positiewe gesindheid wat moet inspireer nie, maar ook sy/haar toewyding, oortuiging en kunssinnigheid wat die hart en emosie van liturgiese musiek moet oordra. As eerste positiewe aanknopingspunt tussen orrelis en *band* kan die orrelis 'n paar bekende FLAM-liedere saam met die *band* speel waar die orrelis aanvanklik die harmonie sag saamspeel (volgens die *lead sheet*-metode waar net die harmonie en liriek as bladmusiek gegee word) of 'n eenvoudige tweede stem saamspeel (bv. FLAM 31: *Tel my op*, of FLAM 112a: *My hande hef ek op na U*). By die koorgedeeltes of met die klimaks van die lied kan die orrelis dan 'n sterker klank en voller akkoorde gebruik. Die verskeidenheid van klankkleure en die potensiaal van die orrel kan ook gedemonstreer word deur verskillende sagter registers te gebruik by die inleidings van aanbiddingsliedere of met 'n tongwerk uitkomende stemme te speel. Wanneer die verhouding tussen *band* en orrelis positief is, kan die orrelis eenvoudige verwerkings doen waar die *band* saamspeel met tradisionele orrelwerke. Deur positief deel te neem aan die veranderende liedereskat van gemeentesang kan die orrelis die saak van kerkorrels en orrelmusiek grootliks ondersteun en bevorder.

Talle bronne moedig orreliste aan om met 'n positiewe gesindheid hulle gemeentes te inspireer. Volgens Engle (1993) sal gemeentesang nuwe lewe kry met die sing van psalms en ander geestelike liedere indien die orrelis van alles moontlik gebruik maak om die gemeentesang betekenisvol te maak. Swainson (*s.a.*), soos aangehaal deur Lovelace en Rice (1976:84), skryf in *Manual of Church Praise* dat die orrelis alleenlik deur die integriteit van sy eie spel die essensie van die musiek kan oordra.

Reeds in 1887 het Pratt geskryf dat gemeentesang slegs kan floreer waar die gemeentespiritualiteit 'n versugting na gevoelvolle uitdrukking het. Dit sal alleen 'n werklikheid word met aanmoediging van die leraar en die kerkmusici asook die inspanning en verantwoordelikheidsbesef van die gemeente self (Pratt, 1887, soos aangehaal deur Lovelace & Rice, 1976:84).

Die meeste orreliste wat die vraelyste voltooi het, toon 'n gees van positiewe opwinding oor die orrelmusiek en gemeentesang in hulle gemeentes. Indien dit van hulle afhang, sal die orrel nie net effektief benut word in die hedendaagse NG Kerk nie, maar ook deel wees van 'n nuwe entoesiasme vir liturgiese musiek in die eredienste van die kerk.

> *A poor organist will make of hymn playing a commonplace thing. A good organist will challenge the intelligent interest of the congregation and charge its hymn singing with thought and feeling* (Luther Reed, s.a.).

## BRONNELYS


Bingle, J.P. 2005. Liturgiese sang – Lyftaal van die liturgie. *Vir die Musiekleier*, 32:17-22.

Callahan, K.L. 1994. Dynamic Worship. New York: HarperCollins Publishers.

Carstens, J.C. 2006. NG Kerk: Besluiteregister: Erediens. Algemene Sinode 1962-2004. Internetweergawe: http://www.NGKerk.org.za. Web besoek: 14 Julie 2008.

De Vries, S. 2013. Ik zing magazine. IDD concept.communicatie.creatie.

Dicks, E. [s.j.] Short and easy pieces for organ. Glasgow: Bayley and Ferguson.

Engle, R.D. 1993. Let the Organ Sing! Many hymn stanzas beg for musical word painting. Internet weergawe: http://209.200.121.40/magazine/article.cfm?article-id=749 Web besoek: 10 Mei 2008.

FLAM. Webwerf: www.flam.co.za

Grové, I. 2006. Sing juigend, sing 'n nuwe loflied – wie s'n? *Vir die Musiekleier,* 33:21-29.

Heunis, S. 2008. Die liturgiese gebruik van die orrel in 'n postmoderne era: persepsies van kerkmusici en leraars van die Nederduitse Gereformeerde gemeentes in Port Elizabeth. Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit. (Magister Musicae mini-skripsie.)

Heyns, C. 1998. Gemeentesang – hoe kan dit 'n geestelike belewenis word? *Vir die Musiekleier*, 1998:18-21.

Horness, P. 2004. Contemporary Music-Driven Worship. In Basden, P. & Engle, P., eds. Exploring the worship spectrum: six views. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Jankowitz, D. 2006. Die musiekleier as bedienaar van verskillende spiritualiteitstipes in 'n eietydse gereformeerde erediens. *Vir die Musiekleier,* 33:30-39.

Kennel, G. 2006. Die rol van musiek by die inkleding van die erediens. *Vir die Musiekleier,* 33:7-20.

Kruger, D. 2007a. "A high degree of understanding and tolerance": veranderende denke oor die moderne gereformeerde kerklied. *Koers* 72(4) 2007:649-669.

Kruger, D. 2007b. "A high degree of understanding and tolerance": veranderende denke oor die hedendaagse kerkmusiek. *Vir die Musiekleier*, 34:17-25.

Kruger, D. & Smit, R. 2001. 'Hoe moet dit dan wees?' Gedagtes en riglyne oor die aard en gebruik van die kerklied. *Vir die Musiekleier*, 28:14-24.

Kruger, D. 2012. Eenvoudige Inleidings en Harmonisasies. Potchefstroom: Printing Things.

Lesley, S. 2002. Worship songs for organ. Buxhall: Kevin Mayhew.

Liedboek. 2001. Liedboek van die kerk. Wellington: N.G. Kerk-Uitgewers.

Long, T. G. 2001. Beyond the Worship Wars: Building Vital and Faithful Worship. (Alban Institute).

Lovelace, A.C. & Rice, W.C. 1976. Music and worship in the church. Abingdon Press, Nashville.

Müller, J. 1990. Die erediens as fees. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Pratt, W.S. 1887. The Church Music Problem, New York: The Century Company, pp 22-23, soos aangehaal deur Lovelace, A.C. en Rice, W.C. 1976. Music and worship in the church. Abingdon Press.

Rawsthorne, N. 2011. 400 Last Verses. Buxhall: Kevin Mayhew.

Reed, L.D. (s.a), soos aangehaal deur Krapf, G. s.a. Creative Hymn Accompaniments for Organ, vol. 2. Dayton: The Sacred Music Press.

SAKOV Erediensmusiek 2011. Jordaan, G., Kruger, D., *reds*. Queenswood: SAKOV.

SAKOV 30 Feesbundel. 2010. Jordaan, G., Kruger, D., *reds*. Queenswood: SAKOV.

SAKOV Erediensmusiek 2013. Jordaan, G., Kruger, D., *reds*. Queenswood: SAKOV.

Schelt, C. 1996. Towards a Biblical Theology of Music in Worship. *The reformed theological review 55* (May-August):67-80.

Simper, C. [s.j] 17 Voluntaries books 1-17. [s.u.]

Steinmann, R. 1996. Gemeentesang en Begeleiding. *Vir die Musiekleier*, 16:15-19.

Steyn, G.J. 2005. Die NG Kerk se identiteitskrisis. Deel 1: Aanloop, terreine van beïnvloeding en reaksies. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 46 nos. 3&4 September en Desember 2005:550-559. (Internet weergawe). Web besoek: 9 Julie 2008.

Steyn, G.J. 2006. Die NG Kerk se identiteitskrisis. Deel 2: Huidige bewegings, tendense of mutasies. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 47 nommers. 3&4 September en Desember 2006:661-676. (Internet weergawe). Web besoek: 9 Julie 2008.

Strydom, W.M.L. 1994. "Sing nuwe sange, nuutgebore" Liturgie en Lied. Bloemfontein: NG Sendingpers.

Swainson, W. 1932. Manual of church praise. Church of Scotland. Soos aangehaal deur: Lovelace, A.C. en Rice, W.C. 1976. Music and worship in the church. Abingdon Press, Nashville.

Swanepoel, I.L. 2014. *Die effektiewe benutting van die orrel in die liturgie van die hedendaagse Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Potchefstroom-kampus van die Noordwes-Universiteit. (Mini-skripsie vir M.Mus. Musiekwetenskap)

Swanepoel, I.L., Kruger, D. 2014. Die benutting van die orrel in die hedendaagse Nederduitse Gereformeerde Kerk. *Vir die Musiekleier*, 34:35-53.

Symington, J., *red.* 2008. *Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke.* Wellington: Paarl litho.

Turle, R. [s.j.] Cloister Albums of music for the harmonium or American organ. Faber edtion.

Vermeulen, O.C. 2012. Estetiese musiekbediening in die Afrikaanse gereformeerde erediens: Die rol van spiritualiteit en inligtingsteorie. *Vir die Musiekleier*, 32:1-15.

VONKK. Webwerf: www.vonkk.co.za

Vorster, J.M. 1996. Is die kerk funksioneel? Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

Warren, R. 2005. Die doelgerigte kerk. Kaapstad: Struik Christelike boeke.

Wood, D. 1997. Festive Hymn Introductions. Dayton: The Sacred Music Press.